# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2016

## GRAAD 10

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 1**

## MEMORANDUM

**17 pages**

**GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(VRAESTEL 1)**

**MEMORANDUM**

---

**AFDELING A: VERPLIGTEND**
**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGE KEUSE VRAE**

1.1.1 B √√ (die prys van keuse)
1.1.2 A √√ (beperkte hulpbronne)
1.1.3 C √√ (feudalisme)
1.1.4 A √√ (kommoditeit)
1.1.5 C √√ (sanksies)
1.1.6 B √√ (goud standaard)
1.1.7 C √√ (arbeidsverdeling)
1.1.8 C √√ (rentekoers) (8x2) (16)

1.2 **KOLOMME**

1.2.1 E √ (’n Besigheid wat gedeeltelik of ten volle bestuur word deur die staat)
1.2.2 F √ (’n Groep mense wat saamleef en saam ekonomiese besluite neem)
1.2.3 A √ (Alle mense het ’n basiese reg om beskerm te word teen armoede, ongeletterdheid en eienaarskap deur ander)
1.2.4 H √ (Hierdie is die vrye ruil van goedere en dienste)
1.2.5 B √ (Die gebruik van gereedskap en metodes om goedere en dienste te produseer)
1.2.6 G √ (Die bestaan van die modern ekonomie met selfversorgende aktiwiteite)
1.2.7 C √ (Goedere wat deur die plaaslike gemeenskap geproduseer word en deur die buitelandse sektor gekoop word)
1.2.8 I √ (Hierdie is die ekonomiese aktiewe bevolking wat bestaan uit mense tussen die ouderdom van 15 en 64 wat werk of aktief besig is om ’n werk te soek.) (8x1) (8)

1.3 **KONSEPTE**

1.3.1 Aardverwarming/ Kweekhuis effek √
1.3.2 Besparing√
1.3.3 Handel√
1.3.4 Gemeenskaplik√
1.3.5 Kolonialisme√
1.3.6 Werkloosheid√ (6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A [30]**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling

**VRAAG 2 MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 2.1.1 Noem TWEE vertakkinge van ekonomie.
- Mikroekonomie√
- Makroekonomie√
- Ontwikkelingsekonomie√
- Ekonometrie√
- Ekonomiese beleid en stelsels√
- Ekonomiese Geskiedenis√
- Omgewingsekonomie√
- Internasionale ekonomie√
- Arbeidsekonomie√
- Monotêre ekonomie√
- Openbaresektor ekonomie√
- Streeksekonomie√
- Natuurlike hulpbronne ekonomie√ Enige (2x1) (2)

2.1.2 Waarom maak ekonome gebruik van ekonomiese modelle? (1x2) (2)
- Ekonome gebruik modelle om komplekse ekonomiese begrippe te illustreer en te bestudeer. √√
- Hierdie modelle sluit in diagramme, grafieke, illustrasies diagramme en vergelykings. √√
- Baie fyner besonderhede word uitgelaat om te fokus op dit wat meer belangrik is. √√
- Om komplekse ekonomiese begrippe te vergemaklik sodat ons dit beter kan verstaan. √√ (Any 1x2) (2)

2.2 DATA:

2.2.1 Watter metode word hierbo gebruik om BBP te bereken? (1)
- Produksie metode√

2.2.2 Noem enige ander metode wat gebruik kan word om BBP te bereken.
- Inkomste metode√
- Bestedingsmetode√ Enige (1x1) (1)

2.2.3 **Bereken BBP teen mark pryse (A) (Toon alle berekeninge)**

| | | |
|---|---|---|
| Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse | 1 639 485 | √ |
| + Belasting op produkte | 312 863 | √ |
| - (minus) Subsidies op produkte | 19 106 | √ |
| | 1 933 242 | √ |

*(Items moet genoem word om 'n punt te verdien, met die korrekte simbool voor belasting en subsidies)* (4x1) (4)

2.2.4 **Vergelyk die Bruto binnelandse produk met die Bruto nasionale produk.**

| Bruto binnelandse produk | Bruto nasionale produk |
|---|---|
| Die totale waarde van finale goedere geproduseer binne die grense van die land√ oor 'n spesifieke tydperk bv. 'n jaar. √ | Die totale waarde van goedere en dienste geproduseer deur die permanente inwoners van die land√ oor 'n spesifieke tydperk bv. 'n jaar. √ |

(2x2) (4)

2.3 **Data**

2.3.1 Identifiseer twee soorte verbruikersgoedere wat deur die prentjies uitgebeeld word.

- prentjie 1 / Motor – duursame goedere√
- prentjie 2 / Voedsel – nie-duursame goedere√ (2x1) (2)

2.3.2 Watter deelnemer in die ekonomie sal intermediêre goedere gebruik?

- Intermediêre goedere word gebruik deur die produseerders om ander goedere te maak. √√ / firma's√√ / besighede√√ (2x1) (2)

2.3.3 Veduidelik kortliks wat "kapitaalgoedere" is.

- Produseerders gebruik kapitaal goedere om goedere en dienste te maak bv. masjinerie. √√
- Hierdie goedere word gebruik om huishoudelike goedere en dienste te maak. √√ (2x1) (2)

2.3.4 Waarom dink jy is daar 'n opwaartse trend in die gebruik van prentjie 2?

- Mense gebruik deesdae al hoe meer vervangbare goedere soos baba doeke, plastiek bottles en plastieksakkies ens. √√
- Daar is 'n toename in persoonlike besteebare inkomste wat dit moontlik maak om meer goedere te bekostig. √√
- Die bevolking neem toe en meer mense nodig voedsel om te eet. √√

(2x2) (4)

(Accept any other relevant answer)

2.4 **Verduidelik kortliks die verskil tussen ekonomiese goedere en vrye goedere.**

| Vrye goedere | Ekonomiese goedere |
|---|---|
| Is volop en het geen prys√√ | Goedere word geproduseer uit skaars hulpbronne teen ŉ koste√√ |
| Vrye goedere het geen ruilwaarde nie√√ | Ekonomiese goedere het ruilwaarde√√ |
| Almal het toegang tot hierdie goedere het geen nutwaarde√√ | Ekonomiese goedere het nutwaarde√√ |
| Bv. reënwater, woestyn sand ens. √<br>Enige (2x2)(4) | Bv. motors, huise, ens. √<br>Enige (2x2)(4) |

(4x2) (8)

2.5 Hoe kan makroekonomie verskil van mikroekonomie?

| Makroekonomie | Mikroekonomie |
|---|---|
| Makroekonomie is ŉ studie van die ekonomie as ŉ geheel√√<br><br>Dit fokus op die ekonomiese gedrag van die gemeenskap√√<br>Makroekonomie fokus op dinge soos inflasie, werkloosheid, die land se ekonomiese prestasie ens. √√<br>(Enige 2x2)(4) | Mikroekonomie is die studie van individuele besluitneming van verbruikers, firmas en ander organisasies√√<br>Dit fokus op die vraag en aanbod besluite wat geneem word deur hierdie individue√√<br>Mikroekonomie fokus op individuele vraag en pryse oor ŉ spesifieke tydperk, of hoe individue besluite neem oor wat om te koop en wanneer om te koop √√<br>(Enige 2x2) 4) |

**NOTA: Die punte moet pas by mekaar vir die leerder om punte te kan bekom**. **[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**

3.1 Beantwoord die volgende vrae

3.1.1 **Noem enige TWEE vakbonde in Suid Afrika.**

- NEHAWU (Nasionale Onderwys, Gesondheid en Werkers Unie) √
- NUMSA (Nasionale Unie vir Metaalwerkers in Suid Afrika) √
- NUM (Nasionale Unie vir Mynwerkers) √
- COSATU (Kongres vir Suid Afrikaanse Handels Unie) √
- FEDUSA (Federasie van Handels Unies in Suid Afrika) √
- NACTU (Nasionale committee vir Handel Unies) √
- AMCU (Assosiasie vir Konstruksie en Mynwerkers Unie) √

(Aanvaar enige relevante antwoord) (2x1) (2)

3.1.2 Hoe kan ŉ toename in inkome tot die ontwikkeling van industries lei?

- ŉ Toename in inkomste veroorsaak ŉ toename in ekonomiese aktiwiteite omdat fabriekswerkers ŉ beter loon ontvang, √√ dit lei tot ŉ toename in vraag en aanbod na goedere en dienste. √√ Die toename in aanbod veroorsaak ŉ styging in produksie wat die BBP laat toeneem en so ook ekonomiese groei. √√ (1x2) (2)

3.2 DATA:

3.2.1 Wat is stedelike migrasie?

- Die beweging/migrasie vanaf plattelandse gebiede na stedelike gebiede. √ (1)

3.2.2 Verskaf ŉ rede vir hierdie tipe migrasie.

- Mense is opsoek na beter ekonomiese geleenthede / ŉ verbeterde lewensstandaard soos indiensneming, onderwys, gesondheidsorg ens. √ (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die staat se plan om stedelike migrasie te voorkom.

- Die staat rig landbou-parke in wat plaaslike gemeenskappe instaat stel om dit te verander in industries deur hulle landbouprodukte. √√
- Mense kan ŉ selfversorgende lewe hieruit maak in hul plaaslike omgewing deur die plaaslike omgewings so aantreklik soos stedelike areas te maak. √√ (1x2) (2)

3.3.4 Waarom is stedelike migrasie ŉ probleem vir die staat?

- Migrasie lei tot oorbevolkte informele plakkerskampe wat lei tot ŉ massiewe vraag na behuising en infrastruktuur bv. paaie, klinieke, land √√ens en ŉ groter vraag na water en sanitasie in stedelike gebiede. √√
  (Aanvaar enige relevante antwoord) (1x2) (2)

3.2.5 Minister Lindiwe Sisulu sê “ die staat het besef dat daar hoegenaamd niks is wat hulle kan doen om migrasie na stedelike gebiede te stop nie” Evalueer hierdie stelling.

- Mense het meer vryheid om na stedelike gebiede te trek as voor 1994 toe daar apartheid wette teen onwettige migrasie was. √√
- Geen ander wet was geimplementeer om die toevloed van mense te stop nie. √√ Mense besef natuurlik dat hulle beter geleenthede in stedelike gebiede sal kry en sodoende ook ŉ verbeterde lewensstandaard. √√ Enige (2x2) (4)
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord)

3.3 **DATA**

3.3.1 **Watter fase van ekonomiese ontwikkeling word deur die spotprent uitgebeeld?**

- Die selfvoorsienende fase√ (1)

3.3.2 **Haal een aktiwiteit aan wat deur hierdie fase gekenmerk word.**

"jagter-versamelaars" √ Enige (1x1) (1)

3.3.3 **Landbou is een van die karaktereienskappe van hierdie fase. Verduidelik twee ander karaktereienskappe van hierdie fase.**

- Die afwesigheid van markte√

  Markte het nie bestaan nie, oeste wat op die landhere se grond gekweek was, was gebruik om landhere mee te betaal, √√ om lone aan werkers mee te betaal en handel te dryf. √√

- Min of geen arbeidspesialisasie√

  Niks was op grootskaal geproduseer nie, want daar was geen markte om voor te produseer nie. √√ Daar was geen plek waar goedere verkoop of geruil kon word nie. √√

- Beperkte vryheid tot keuses√

  Daar was geen keuse in beroepe nie, dit was afhanklik van familie tradisie. Diegene wat vir 'n landheer gewerk het, was gesien as die eiendom van die landheer en kon nie maklik weggaan nie.

- Rykdom en Mag√

  Surplusse van oeste was aan landhere betaal deur diegene wat as kleinboere op die landgoed van die leenheer (eienaar) gewerk het in ruil vir sy beskerming. √√ Die eienaarsklas het groot winste gemaak en kon sodoende in weelde lewe in teenstelling met die werkersklasse. √√

- Beperkte gereedskap√

  Steentydperk gereedskap was gebruik vir jag en veiligheid. √√ Meer gevorderde gereedskap was later ontwikkel om landbou te kultiveer en vir persoonlike beskerming. √√

- In Afrika√

  In Noordelike gedeeltes van Afrika het sommige kulturele groepe herders van veekuddes geword en ook landbouprodukte begin ontwikkel. √√

  (Aanvaar enige ander relevante antwoorde) (2x2) (4)

3.3.4 Hoe affekteer globalisering die Suid Afrikaanse ekonomie?

- Globalisering is die vrye vloei van goedere en dienste tussen lande wat gelei het tot ŉ groot groei in internasionale handel en buitelandse beleggings in lande. √√
- In ŉ meer moderne ekonomiese fase is grootskaalse handeldryf moontlik gemaak op ŉ wêreldwye mark. √√

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (2x2) (4)

3.4 Verduidelik verstedeliking gedurende die volwasse tydperk van die selfvoorsienende fase.

- Industrialisasie het gelei tot die skepping van werksgeleenthede in fabrieke. √√
- Mense het getrek vanaf plattelandse streke na stedelike fabrieke vir werk. √√
- Die beweging van mense van plaaslike gebiede na stedelike gebiede staan bekend as verstedeliking. √√
- Meer mense het getrek na stedelike gebiede, fabrieke, dorpe en stede het ontstaan. √√
- Johannesburg het gegroei van ŉ klein handelsdorpie na ŉ stad na die ontstaan van myne in die omgewing. √√
- Mense het begin trek vanuit oral in Suid Afrika, en oral in die wêreld, na Johannesburg. √√
- Mense het enige soorte werk aanvaar want daar was nie genoeg werksgeleenthede beskikbaar nie. √√
- Mense het in slegte omstandighede gewerk vir baie min geld. √√

(Aanvaar enige relevante antwoorde) (4x2) (8)

3.5 Die twee mees belangrikste gevolge van industrialisasie is die ontwikkeling van vervoer en kommunikasie. Ontleed hierdie stelling.

**Vervoer**

- Spoorweë lyne was gebou√√
- Paaie was opgeknap√√
- Groot volume goedere kon vinniger vervoer en afgelewer word. √√
- Dokke was gebou. √√
- Invoere en uitvoere was moontlik gemaak. √√
- Verskeping van goedere was ontwikkel. √√
- Ontwikkeling is slegs moontlik indien vervoer dit moontlik maak om goedere te vervoer van een plek na ŉ ander √√ Enige (2x2) (4)

**Kommunikasie**

- Gevorderde kommunikasie netwerke het gelei tot gevorderde distribusie van informasie. √√
- Besighede en huishoudings kon maklik gekontak was vir uitverkopings. √√
- Uitvoere en invoere-besighede het gegroei as gevolg van internasionale kommunikasie. √√
- Geld kon maklik oorgedra word as gevolg van die internet. √√
- Assuransie en Beleggings het toegeneem. √√
- Die bogenoemde het kommunikasie tussen die konstruksie sektor / besighede/ en internasionale besighede moontlik gemaak. √√

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) Enige (2x2) (4)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKROEKONOMIE & EKONOMIESE STREWES**

4.1 4.1.1 **Noem TWEE produksie faktore.**

- Arbeid√
- Kapitaal√
- Entrepreneurskap√
- Natuurlike hulpbronne (land) √
- Tegnologie√ Enige (2x1) (2)

4.1.2 Waarna verwys positiewe ekonomie as 'n metode van ekonomie?

Positiewe ekonomie bestudeer die hoofdoelwitte of wetenskaplike verduidelikings oor hoe die ekonomie funksioneer. √√ (1x2) (2)

4.2 **DATA**

4.2.1 **Noem die organisasie wat hierdie inligting publiseer.**

S.A.R.B – Suid Afrikaanse Reserwe Bank√ (1)

4.2.2 **Verskaf 'n voorbeeld van 'n industrie of bedrywigheid wat onder “ander” geklassifiseer kan word.**

Tersiêre sektor / Dienste nywerheid√ (1)

4.2.3 **Verduidelik volledig die primêre- en sekondêre industrieë.**

Primêre sektor is die ontginning van rou material√√ bv. bosbou, vissery, mynbou'√
Sekondêre sektor is die vervaardiging of prosessering van goedere√√
Bv. vervaardiging, gas, konstruksie√ ens. (2x2) (4)

4.2.4 **Waarom is daar ’n aansienlike afname in die bydrae van landbou tot die BBP oor die afgelope jare?**

- Bydrae tot die BBP het afgeneem want meer en meer land word benodig vir konstruksie / produksie / fabrieke / huise√√
- Aardeverwarming / verandering in klimaatpatrone√√
- Sekondêre en Tersiêre sektore is meer dominerende sektore√√
- Groter vraag na goedere ander dan landbougoedere want mense word meer modern √√
(Aanvaar enige ander relevante antwoorde) Enige (2x2) (4)

4.3 **DATA**

4.3.1 **Noem EEN voorbeeld van ’n Inheemse boerdery metode soos in die artikel genoem.**

Gemengde oeste stelsel√√ (1)

4.3.2 **Definieër die konsep (IKS) inheemse kennis stelsels.**

IKS is plaaslike kennis wat uniek is aan ’n kultuur of gemeenskap. √√
Kennis oor die omgewing wat oor die jare deur plaaslike inwoners gebruik word. √√ (2)

4.3.3 **In jou opinie, hou inheemse kennis stelsels enige ekonomiese voordeel in vir die inheemse goepe in ’n land? Gee ’n rede vir jou antwoord.**

Ja√ Hierdie kennis kan gedeel word met ander belanghebbendes teen ’n prys en ’n inkomste kan hierdeur verdien word. √√
Voordele van die produk kan geadverteer word bv. rooibos tee. √ (3)

4.3.4 **Volgens die artikel, waarom is dit belangrik om die Westerse navorsings tegnieke met Inheemse kennis stelsels te integreer en watter voordeel hou dit vir die breër gemeenskap in?**

Volgens die artikel is dit uiters belangrik om lewensbelangrike Inheemse kennis vir verskillende menslike gebruik aan te moedig√√ Om verbeterde innovering en kreatiwiteit regoor die kontinent te bewerkstellig. √√ (2x2) (4)

4.4 **Bespreek die faktore wat bygedra het tot ekonomiese ontwikkeling asook die faktore wat ekonomiese ontwikkeling bemoeilik het gedurende die veeteelt en landbou-fase in Suid Afrika.**

**Faktore wat bygedra het tot ekonomiese ontwikkeling**

**Infrastruktuur**√

Paaie, spoorweë en hawens was gebou. √√ Pos dienste en telegram kommunikasie was gebruik. Uitvoer van goedere na uitvoermarkte. √√

**Handel**√

Meer vryhandel het onder die Britte vorendag gekom. √√Dit het handel op nasionale en internasionale vlak moontlik gemaak. √√

**Ingevoerde vaardighede kennis**√

Setlaars van buite die land het met verbeterde boerdery metodes gekom wat die landbousektor bevorder het. √√ Hulle het kommersiële boerdery moontlik gemaak en die geld was gebruik om die ruilhandelstelsel te vervang. √√

**Ingevoerde arbeid**√

Europese setlaars het slawe ingevoer om aan arbeidvereistes te voldoen. Spesialisasie werkers soos bv. kwalifiserende suikerriet werkers was uit Indië ingevoer vir suiker produksie. √√
(Aanvaar enige ander relevante rede wat bygedra het tot ekonomiese ontwikkeling) (2x2) (4)

**<u>Faktore wat ekonomiese ontwikkeling bemoeilik het</u>**

**Merkantalistiese Beleide**√

Belasting wat ontvang was, was gebruik deur staats amptenare om hulself te verryk en nie vir ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap nie. √√

**Onvriendelike Omgewing**√

Ongunstige omstandighede, afstand, tekort aan water en vervoer, ens. √√

**Kwaliteit van die Graslande**

Primitiewe gereedskap en tegnieke was gebruik deur plaaslike boere. Grondbewerking vir latere oeste het nie plaasgevind nie en dit het gelei tot grond erosie. √√

**Verarmde Handel**√

Plaaslike markte was ongereeld en plaaslike mense het geen toegang gehad tot buitelandse markte nie as gevolg van handelbeperkings. √√

**Geen tegnologiese ontwikkeling**√

Plaaslike gemeenskappe was ongeletterd op die gebied van wetenskap en algemene kennis. √√ Enige (2x4) (8)
**(8)**

4.5 Hoe kan inspuitings die Suid Afrikaanse ekonomie bevoordeel?

- Inspuitings verwys na geld wat in die ekonomiese kringloop gespuit word. √√
- Hierdie inspuitings bestaan uit uitvoere inkomste, staatsbesteding en beleggings.
- Beleggings sluit in die koop van kapitaalgoedere, gereedskap en masjinerie. √√
- Uitvoere is die verkoop van plaaslik geproduseerde goedere aan internasionale markte. √√
- Beide uitvoere en beleggings lei to meer geld wat in die Suid Afrikaanse ekonomie vloei of meer produksie in SA daarom bevoordeel inspuitings die Suid Afrikaanse ekonomie. √√

(Aanvaar enige relevante antwoord) (4x2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

**Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou antwoordboek.**

**Jou antwoord sal as volg geassesseer word:**

| **STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL** | **PUNTE-TOEKENNING** |
|---|---|
| **Inleiding** | **Maks. (2)** |
| Liggaam<br>**Hoofgedeelte**<br>Bespreek in besonderhede / in-dieptebespreking / ondersoek / bespreekkrities / ontleed / analiseer / vergelyk / evalueer / onderskei / verduidelik / assesseer / debatteer.<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eiemening / bespreekkrities / evalueer / evalueerkrities / teken 'n grafiekenverduidelik / gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / voltooi die gegewe grafiek / bereken / lei af/ vergelyk / verduidelik / onderskei / interpreteer / debatteerkortliks / hoe / voorstelle | **Maks. (26)**<br><br>**Maks. (10)** |
| **Slot/samevatting:**<br>Enigehoër-ordesamevattingbehoort die volgende te bevat:<br>* n Kortopsomming van watbespreek is, sonder Omenigegenoemdefeiteteherhaal.<br>* Enigeopinie of waarde-skattingomtrent die Bespreektefeit.<br>* Addisioneleondersteunendeinligtingom die bespreking/analiseteversterk.<br>* n Weersprekendestandpunt met motivering, Indienvereis.<br>* Aanbevelings/voorstelle. | **Maks. (2)** |
| **TOTAAL** | **40 Punte** |

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE**

**Die ekonomie van alle lande ondergaan sikliese patrone**

- **Bespreek breedvoerig die verskillende fases in die sakesiklus met behulp van ʼn diagram.** **(26)**
- **Ten slotte, evalueer die faktore wat buite die markstelsel voorkom wat verantwoordelik is vir verandering in die besigheid siklus.** **(10) [40]**

**INLEIDING**

Sakesiklusse kan gedefinieër word as die opeenvolgende periods van inkrimping en uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite. √√

Continuous change in the level of economic activities that has a repetitive pattern of expansion and contraction in production, income and consumption over a number of years. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks. 2)

**LIGGAAM**

**Die opbloeifase** √

Dit kom voor wanneer ʼn ekonomie werklik groei en vinnig verbeter. √√
Meer sakeondernemings word oopgemaak. √√
Meer werkers word aangestel. √√
Winste en salarisse styg. √√
Meer kapitaaltoerusting word aangekoop. √√
Die heel hoogste punt van die opswaai in die ekonomie word die piek genoem. √√
(Aanvaar enige ander relevante antwoorde)

**Die resessiefase**

Dit is die eerste aanwyser van ʼn afswaai in die ekonomie. √√
In hierdie fase is daar ʼn verlangsaming in die ekonomiese aktiwiteit van ʼn land. √√
Daar is toenemende werkloosheid. √√
Sakeondernemings begin minder goedere en dienste produseer. √√
Verbruik deur huishoudings neem af. √√
Die ekonomie is besig om in te krimp of kleiner te word. √√
(Aanvaar enige ander relevante antwoorde)

**Die depressiefase**√

- ’n Ekonomie sal dikwels baie vinnig uit ’n resessie beweeg, veral as die regering slim monetêre beleide volg. √√
- Maar die afswaai van die ekonomie kan langer voortduur en dan gaan die ekonomie ’n depressie binne. √√
- As dit gebeur, is daar selfs nog meer werkloosheid. √√
- Sakeondernemings maak nie wins. √√
- Huishoudings bestee minder. √√
- Die landsburgers is dan gewoonlik baie negatief oor die land se ekonomie. √√
- Daar word na die laagste punt van die siklus as die trog verwys. √√


(Aanvaar enige ander relevante antwoorde)

**Die herstelfase**√

- Die fase dui die begin van die opswaai in die ekonomie aan. √√
- By ’n spesifieke punt in die depressive begin sakeondernemings besef dat, as gevolg van goeie regeringsbeleid, beter tegnologie of verbeterde landbou-oeste, die ekonomie gaan verbeter en begin hulle voorberei daarvoor. √√
- Nuwe werkers word aangestel. √√
- Meer grondstowwe word aangekoop. √√
- Meer lenings word by finansiële instelligs aangegaan. √√
- Die landsburgers raak heel optimisties oor die ekonomie. √√
- Dit beteken dat die ekonomiese aktiwiteite in die land stadig begin toeneem. √√

(Aanvaar enige ander relevante antwoorde)

Business Cycle




- Heading = 1 Mark
- Trend line (G) = 1 Mark
- Peak = 1 Mark
- Trough = 1 Mark
- Labelling of the axis = 1 Mark

**Max = 4 marks**

8+18 = 26

NOTA: Aanvaar 'n verduideliking van uitreiking of inkrimping, piek en trog 8 punte maksimum vir hoofopskrifte en die grafiek

**LIGGAAM: ADDISIONELE GEDEELTE**

Ten slotte, evalueer die faktore wat buite die markstelsel voorkom wat verantwoordelik is vir verandering in die sakesiklus.

- Dit is redes wat buite die markekonomie of buite die ekonomiese aktiwiteite van 'n land hul oorpsrong het. √√
- Veranderinge in weerspatrone affekteer die produksievlakke van die landbousektor asook die toerisme sektor en dit beinvloed die totale ekonomiese aktiwiteite in 'n land se ekonomie. √√
- Dit is goed soos oorloë, √ droogte, hongersnood en ander natuurrampe wat nie maklik voorspel kan word nie en ook nie vermy kan word nie. √√
- Dit beïnvloed die produksie en die verbruik binne die ekonomie en kan lei tot 'n opswaai of afswaai in 'n ekonomie. √√
- Veranderinge in geldvoorraad veroorsaak ook sakesiklusse. √√
- Algemene skokke soos 'n skielike toename in die petrolpryse veroorsaak ook sakesiklusse. √√

(Verander enige ander relevante antwoorde) (Maks.10)

**SLOT**

Ekonomiese aanwysers soos leidende, samevallende en volg-aanwysers kan gebruik word om sakesiklusse te meet. √√
(Aanvaar enige relevante hoër orde slot) (Maks. 2) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

**Early banking was set up to make more currency available and lend money and grant loans. Banks had to have a bookkeeper, who lived in the building to make sure that the money & valuables were safe**

- **Bespreek die geskiedenis van bankwese in die Suid Afrikaanse ekonomie. (26)**
- **Die Suid Afrikaanse Reserwe Bank (SARB) is die monetêre toesighouer oor alle geldverwante kwessies van die land. Evalueer hierdie stelling aan die hand van die funksies wat deur die Suid Afrikaanse Reserwe Bank vervul word. (10) [40]**

**INLEIDING**:

Geld het sedert die vroegste tye ŉ sentrale rol in die ekonomiese ontwikkeling van mense gespeel. Geld het ontwikkel van die gebruik van verskillende voorwerpe tot die modern elektroniese stelsels van vandag. Suid Afrika was deel van hierdie geskiedenis. √√

**LIGGAAM**

**Vroeë ontwikkeling**√

- In vroeër eras het mense surplusgeld en goud by goudsmede bewaar. √√
- Hierdie goudsmede het die ryk deposante ŉ klein fooi vir die diens gevra. √√
- Hulle het papiernote begin uitreik wat op dieselfde manier gesirkuleer is as wat die geldeenhede wat deur regerings uitgereik word vandag sirkuleer. √√
- Daarna verskyn privaat banke wat ŉ bewaarplek vir geld aanbied asook ŉ diens om geld uit te leen – waarop rente gehef is. √√
- Vandag het elke land sy eie geld. Die geld word die geldeenheid genoem. √√

**Private Banke**

- Die fase in die Suid Afrikaanse bankwesehet gelei tot die stigting van ŉ groot aantal private banke, dikwels vir spesifieke gebiede of distrikte. √√
- Die banke het almal die reg gehad om banknote uit te reik. √√
- Uiteindelik kon baie banke nie meer sake doen nie en die meeste het met ander banke saamgesmelt. √√

**Imperiale Banke**

- ŉ bank wat sy hoofkantoor in Londen gehad het met takke in Suid Afrika. √√
- Hierdie banke (Die Londen Bank van SA) en die (Standard Bank) was beter in staat as die plaaslike banke om terugslae te oorkom. √√
- Hierdie banke het baie van die oorblywende privaatbanke oorgeneem.
- Hierdie banke het ook hul eie papiergeld uitgereik. √√
- Met groot bedrae tot hul beskikking, het hulle take regoor die kolonie oopgemaak en baie van die oorblywende privaatbanke oorgeneem. √√
- Hierdie banke het die winsmotief nagestreef. √√

**Doelwitte van die bankwet (1965)**

- Om die bankbedrywighede in Suid Afrika te konsolideer en te koördineer. √√
- Om reëls in te stel om mense wat hulle geld by hierdie banke deponeer, te beskerm. √√
- Om mededinging tussen banke te reguleer. √√
- Om die regering te help om sy monetêre beleid te implementeer. √√

Die belangrikste funksies van kommersiële banke is om

- Deposito's waarop rente betaal word, te aanvaar en in bewaring te hou; √√
- Buitelandse valuta te hou; √√
- Dit moontlik te maak dat fondse van een rekening na ŉ ander oorgedra kan word'√√
- Effektetrusts as ŉ beleggingsmiddel te verkoop; √√
- Boedels van gestorwe mense te hanteer; √√
- Krediet toe te staan. √√

**Suid Afrikaanse geld**√

- Algemeen aanvaarbaar as ruilmiddel: Geld maak dit moontlik om goedere en dienste te verkry sonder dat ons iets daarvoor ruil. √√
- ŉ standaard van waarde: ŉ algemene eenheid is nodig as ons die waarde van goedere wil bepaal, met ander woorde, pryse moet vas te stel word. √√
- Behoud van waarde: Geld het waarde en kan sy waarde oor ŉ lang tyd behou. Dit kan dus bewaar of gespaar word vir latere gebruik. √√
- ŉ Standaard van toekomstige betaling: Mens kan op krediet koop en die skuld in die toekoms vereffen. √√

(Maks 8 hoofopskrifte + 18 inhoud)
(Maks 26 punte)

Die Suid Afrikaanse Reserwe Bank (SARB) is die monetêre toesighouer oor alle geldverwante kwessies van die land.

Evalueer hierdie stelling aan die hand van die funksies van die SARB.

- Die SARB hou toesig oor die kommersiële banke terwyl die Finansiële Diensteraad oor ander finansiële instellings toesig hou, insluitende versekerings- en beleggingsmaatskappy√√
- Die SARB is in 1920 gestig. √√
- Dit het die alleenreg om banknote en muntgeld uit te reik. √√
- Ander banke leen geld by die SARB√√
- Hierdie bank is staan ook bekend as die Regeringsbank. √√
- Hierdie bank beheer en monitor die algemene bankstelsel. √√
- Die SARB is verantwoordelik vir die monetêre beleid bv. inflasie beheer. √√
- Die SARB is verantwoordelik vir die geldvoorraad in die ekonomie. √√
- Die bank is verantwoordelik vir die effektiewe funksionering van die (NBS) die nasionale betaling stelsel. √√

(Aanvaar enige ander relevante antwoorde)
(Maks.10 punte)

**SLOT**

- Deur die internet is globalisering moontlik gemaak / Internasionale handel word deur geld moontlik gemaak. √√
- Die waarde van ons geld word nie meer deur goudreserwes bepaal nie, maar deur die hoeveelheid goedere en dienste wat op ons markte gekoop word, dit sal die waarde van ons geld beïnvloed. √√ (Maks. 2 punte)

**[40]**

**TOTAL SECTION C: [40]**

**TOTAL: 150**